Familie Tuisblad

17 Maart 2024

1 Begin hier

Elke kind in die wêreld se ouers het seker al een of ander tyd vir hulle kinders gevra om te luister. Toe ek ‘n kind was, kan ek onthou, het my ma gereeld vir my en my suster gesê dat ons versigtig moet wees of dalk met iets moet ophou, omdat ons kan seer kry. Sy sou dan vir ons roep: “As julle nie nou luister nie, gaan julle seer kry!”

Daar is definitief tye waar ons toe nie geluister het nie en seer gekry het omdat ons geval het, gegly het of mekaar seer gemaak het - omdat ons nie versigtig was nie.

Wat die Bybel ons leer, is dat God nie net ook na ons luister nie, maar dat wanneer ons ongehoorsaam is en nie wil luister nie, bly God lief vir ons en gehoorsaam aan die beloftes wat God aan ons maak - die belofte dat Hy altyd daar sal wees vir ons.

2 Lees

Jeremia 31:31-34

3 Gesels

- Wat dink jy beteken dit dat God se woorde in ons harte en gedagtes is?
- Ken jy mense wat vir jou sal lief bly, al is jy soms ongehoorsaam?
- Wat kan ons doen om te wys hoe ons voel wanneer iemand vir ons lief bly, al was ons ongehoorsaam?

4 Bid

Baie dankie, Here, dat U ons liefhet al is ons ongehoorsaam. Dankie dat U gehoorsaam is aan die beloftes wat U maak, al wil ons soms nie luister nie. Amen

5 Doen

Dalk kan jy hierdie naweek dankie sê vir die mense in jou lewe wat jou altyd liefhet, al het jy hulle soms hartseer of kwaad gemaak omdat jy nie geluister het nie.